



Topiese Room 10 mg/g Klotrimasool

SKEDULERINGSSTATUS: S1

Lees alles op hierdie blaadje noukeurig want dit bevat belangrike inligting vir u
Canesten® Topiese Room is beskikbaar sonder 'n dokter se voorskrif, vir u om 'n ligte siekte te behandel. Nietemin moet u steeds Canesten® Topiese Room versigtig gebruik om die beste resultate daarvan te verkry.

- Hou hierdie blaadje. U mag dit dalk weer wil lees.
- Moenie Canesten® Topiese Room met enige ander persoon deel nie.
- Vra u gesondheidsorgverskaffer of apteker indien u meer inligting of advies verlang.
- U moet 'n dokter sien indien u simptome vererger of nie na sewe dae verbeter nie.

Wat is in hierdie blaadje

- Wat Canesten® Topiese Room is en waarvoor dit gebruik word
- Wat u moet weet voordat u Canesten® Topiese Room gebruik
- Hoe om Canesten® Topiese Room te gebruik
- Moontlike nuwe-effekte
- Hoe om Canesten® Topiese Room te berg
- Inhoud van die pak en ander inligting

1. Wat Canesten® Topiese Room is en waarvoor dit gebruik word

Canesten word gebruik vir alle fungusinfeksies van die vel wat veroorsaak word deur muf, gis en swamme en ook vir velsiektes met sekondêre infeksies van hierdie swamme.

- Hierdie swaminfeksies kan onder andere insluit:
- Swaminfeksies van die vel en velvoue, (bv. fungusinfeksies van die lies, boudnaat, armholtes, Dhobie of liesjeuk en baarduitslag.)
 - Omloop.
 - Fungusinfeksies tussen die tone of vingers bv. voetskimmel.
 - Candida vulvitis (vulvale sproei).
 - Candida balanitis, (sproei van die glans penis).
 - Pitiriase (Tinea) versicolor.
 - Eritrasme.
 - Paronigies, geassosieer met naelmikoses, (fungusinfeksies van die naasliggende weefsel aan die nael of 'n vinger of toon).

2. Wat u moet weet voordat u Canesten® Topiese Room gebruik

Moenie Canesten® Topikaal gebruik nie:

- indien u hipersensitief (allergies) is vir klotrimasool of vir enige van die ander bestanddele van Canesten® Topiese Room (gelys in afdeling 6).

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Spesiale sorg moet met Canesten® Topiese Room geneem word:

- Direkte kontak met Canesten® Topiese Room kan die effektiwiteit en veiligheid van lateks produkte soos kondome en diafragmas verminder. Hierdie effek is tydelik en kom slegs tydens behandeling voor.
- Slegs vir uitwendige gebruik.
- Hou hierdie medisyne weg van die oë.

Ander medisynes en Canesten® Topiese Room
Vertel altyd u gesondheidsorgverskaffer indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisynes in.)

Canesten® Topiese Room saam met kos en drinkgoed

Die effek van Canesten® Topiese Room is nie afhanklik van kos en drinkgoed nie.

Swangerskap en borsvoeding

Indien u swanger is of borsvoed, dink dat u swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u hierdie medisyne gebruik.

Bestuur en gebruik van masjinerie

Canesten® Topiese Room het geen of weglaatbare invloed op die vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik.

Canesten® Topiese Room bevat setosteariel alkohol

Canesten® Topiese Room moenie by persone wat allergies is vir setosteariel alkohol gebruik word nie.

3. Hoe om Canesten® Topiese Room te gebruik

Moenie medisynes wat vir u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Gebruik Canesten® Topiese Room altyd presies soos voorgeskryf in hierdie blaadje of soos u dokter, apteker of verpleegsuster u vertel het. U moet by u dokter of apteker of verpleegsuster seker maak indien u onseker is.

Canesten® Topiese Room moet in 'n dunlagie op die aangetaste areas twee tot drie keer per dag aangewend word en ingevryf word.

Suksesvolle behandeling vereis dat Canesten® Topiese Room korrek en oor 'n voldoende lang tydspanne aangewend word. Die duur van die behandeling is gewoonlik drie tot vier weke.

BEHANDELING VAN FUNGUSINFEKSIES VAN DIE VEL MOET VIR ONGEVEER 2 WEKE VOORTDUUR NADAT DIE SIMPTOME VERDWYN HET ONGEAG 'n VINNIGE, SUBJEKTIEWE VERBETERING, OM 'n TERUGVAL TE VOORKOM.

Vir die behandeling van atleetvoet en ander fungusinfeksies in die velvoue, is dit belangrik om die area versigtig droog te maak.

Moenie 'n okklusiewe dekking (lugdigte bedekking soos kombuis plastiekomsag) oor die medisyne plaas nie.

Indien u meer Canesten® Topiese Room gebruik as wat u moes

Was onmiddellik die aangetaste area met water. Daarna, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien u vergeet om Canesten® Topiese Room te gebruik

Moenie dubbel of ekstra dosis aanwend om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

4. Moontlike nuwe-effekte

Canesten® Topiese Room kan nuwe-effekte hê. Nie alle nuwe-effekte wat vir Canesten® Topiese Room aangemeld is, is in hierdie blaadje ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewensde effekte ervaar terwyl u Canesten® Topiese Room gebruik, raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Vertel u dokter indien u enige van die volgende opmerk:

- Veluitslag, galbulte, blaasvorming, brand, jeuk, afskilfering, rooiheid, steekgevoel, swelling of ander tekens van velirritasie wat nie teenwoordig was voor die gebruik van hierdie medisyne nie.

Indien u enige nuwe-effekte wat nie in hierdie blaadje genoem is nie opmerk, lig asseblief u dokter of apteker in.

Aanmelding van nuwe-effekte

Indien u nuwe-effekte kry, praat met u dokter of apteker of verpleegsuster. U kan ook nuwe-effekte aanmeld by SAHPRA via die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form" wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA publikasies: <https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8>. Deur nuwe-effekte aan te meld kan u help om meer inligting oor die veiligheid van Canesten® Topiese Room te verskaf.

5. Hoe om Canesten® Topiese Room te berg

Berg alle medisynes buite bereik van kinders.

- Bewaar by of benede 30 °C
- Moenie na die vervaldatum wat op die karton en buisie aangedui is, gebruik nie.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.

Moenie ongebruikte medisyne in dreine of riool (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die pak en ander inligting

Wat Canesten® Topiese Room bevat

- Die aktiewe bestanddeel is klotrimasool
- Die ander bestanddele is bensielalkohol (as preserveermiddel) 2 % m/m, oktiedodekanol, setielesterwas, setosteariel alkohol, sorbitaanmonostearaat, polisorbataat 60 en gesuiwerde water.

Hoe Canesten® Topiese Room lyk en die inhoud van die pak

Canesten® Topiese Room is 'n sagte, wit room. Canesten® Topiese Room is verpak in 'n 20 g opvoubare aluminium buisie met 'n skroefdeksel wat in 'n buitekarton geplaas is.

Houer van die Sertifikaat van Registrasie

Bayer (Edms) Bpk
Wrenchweg 27
Isando
1600
Maatskappy Reg. No: 1968/11192/07

Hierdie blaadje is laas hersien in

April 1995

Registrasienuommer

E/20.2.2/49

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting

www.bayer.co.za

BAYER GP Grenzschach Produktions GmbH		Contract manufact. no.		GP Grenzschach		Used template		LFT_148x420mm_Template_C19		No. of proofs	
typo pharma Typopharma GmbH Mühlstr. 57 D-79539 Lörrach produktion@typopharma.com www.typopharma.com		PCCO014232		GI Canesten Gyne 1% CREA TUF 20g ZA		Min. fontsize text 8 pt		1 25.03.2021 vm 8		1	
		Product		87796531		Font used Helvetica Neue LTW1G (55 Roman, 75 Bold)		2 01.04.2021 vm 9		2	
		Material no.		N/A		Printing colours Black		3 12.05.2021 vm 10		3	
		Replaced no.		N/A		Technical colours Cutting		4 06.08.2021 vm 11		4	
		Order file		AW-NPI-34503-01				5		5	
		Country		ZA				6		6	
		Format/dimensions		148 x 420 mm				7		7	
		Page no.		Page 2 of 2						Date & sign:	
		Drawing no.		N/A						<input type="checkbox"/> Release	
		Code no. SEM		70						<input type="checkbox"/> Correction required	
										! PLEASE TURN OVERPRINTING ON!	